# KERK EN VOLK.

**Aktualiteit.**

Die aktualiteit van hierdie onderwerp hoef ek, gesien die ingewikkelde en problematiese verhoudinge in ons hedendaagse samelewing hier te lande en oorsee, sekerlik nie te beklemtoon nie. Daar bestaan onteenseglik 'n verband en 'n bepaalde verhouding tussen kerk en volk en dit sal my taak wees in hierdie studie om sowel prinsipiële as praktiese riglyne t.o.v. die verhouding te gee.

In die Skrif word hierdie verband tussen kerk en volk ook geensins misken nie. Die Ou Testament toon aan dat daar vanweë die besondere karakter en roeping van Israel 'n baie intieme band was. Ons sou selfs kan sê dat kerk en volk onder die Ou Testament een en dieselfde entiteit was. Maar selfs in die Nuwe Testament staan die kerk nie los van die volk nie. Jesus Christus self het midde in die volkslewe opgetree en die apostels het die Evangelie aan die volk verkondig. Die geloof en die Woord van God is immers geen privaat aangeleenthede nie. Dit is sake wat nie maar indiwidue maar die volk raak en waar ook al die kerk van Christus tot stand kom staan dit in 'n bepaalde verhouding tot die volk.

Wat die vraagstuk van die verhouding tussen kerk en volk nog nypender maak is die feit dat die moderne ont-

wikkeling met die geweldige verandering wat die gesinsmilieu, die arbeidsmilieu en selfs die ontspanningsmilieu ondergaan het, die kerk al weer verder weggevoer het van sy eie lidmate en dit besonder moeilik gemaak het om hulle waarlik te bereik. In die moderne geïndustrialiseerde lewe in meeste lande van die wêreld word die kerk ook 'n al meer ondergeskikte plek toegeken in die komplekse samelewing. Wie die alarmerende boek van Huisinga lees: „In de schaduwen van morgen" sal daar op geen enkele pagina iets teëkom van die kerk nie, en klaarblyklik het die skrywer dit onopsetlik gedoen. Dit blyk dus dat die kerk buite die horison kan val van iemand wat origens tog so veel en so ver kon sien.

Waar in vorige eeue die lewe van 'n gemeenskap, in stad of platteland, geheel en al beheers is deur die kerk, soos die kerkgebou in die middelpunt van die plek ook trouens getuig het, is dit vandag totaal anders.

Vroeër het die woonhuise as 't ware gestaan in die skaduwee van die kerk. Vandag is die beeld van die moderne lewe duidelik geteken deur die samestelling van die groot stede waar die wolkekrabbers, die fabrieks- en besigheidsgeboue eerste raakgesien kan word. Die breë stroom van die lewe gaan as 't ware langs die kerk verby.

Nietemin het ons, wanneer ons spreek oor kerk en volk, te doen met twee bepaalde samelewingsverbande. In elk van die verbande bestaan daar 'n sekere gemeenskap. Mense lewe daarin saam, word deur dieselfde faktore saamgebind, dien dieselfde belange, beoog dieselfde doel. As ons nou die karakteristieke trekke van elk van die twee verbande nagaan, sal ons bemerk dat dit totaal verskillend is.

**Wat is die kerk?**

Sonder om hier in te gaan op die onderskeidinge van onsigbare en sigbare kerk, asook kerk as instituut en as organisme, kan ons op grond van Skrif en belydenis die kerk beskrywe as die vergadering van ware gelowiges in Christus. Die kwalifiserende funksie in die gemeenskap wat ons kerk noem is dus die geloof en die geloofsfunksie wys heen na die bo-tydelike, na God, wat die Oorsprong is deur Jesus Christus, die Koning van sy kerk. Hierin onderskei die kerk hom van alle ander samelewingsverbande en dus ook van die volk.

Die fundering van die kerk as instituut moet ons wel in die historiese soek, en tog kom dit nie uit die mens op nie. Dit is wel 'n gemeenskap van mense maar dit het 'n Hoof wat in die hemel is, die Here. Dit het ontstaan deurdat Jesus Christus, die Here, van die begin van die wêreld tot aan die einde daarvan vir Homself 'n gemeente vergader, beskerm en onderhou. Dit geskied deur sy Gees en Woord (Kategismus, Sondag 21). Daarby is die kerk 'n eschatologiese entiteit. Dit wys in sy geloof op die komende ryk van Christus as die eschaton, die laaste.

**Wat is die volk?**

Ook die volk is 'n gemeenskap van mense, wat met mekaar verbonde is. Die gemeenskap het egter nie soos die kerk sy ontstaan daaraan te danke dat al die mense die besondere roepstem van

God in sy Woord gehoor het nie. Daar is ander stemme of faktore wat die ontstaan van die volk meebring. Daar is die afstammings-verwantskap en die bloedsband, daar is die geskiedenis en tradisie, daar is die gemeenskaplike bodem, daar is die gemeenskaplike taal en kultuur — alles ingrypende faktore wat meebring dat 'n sekere gemeenskap van mense organies saamgroei tot 'n hegte eenheid. Om in die taal van Dooyeweerd te spreek, sou ons kon sê dat die volk dus sy funderingsfunksie het in die biotiese, terwyl sy bestemmingsfunksie gesoek moet word in die sedelike.

Nou kan ons nog verder onderskei tussen volk en nasie soos prof. H. G. Stoker dit duidelik gedoen het in **Koers**, Junie 1954, waarby met volk dan die engere en hegtere deur afstamming en bloed bepaalde eenheid bedoel word en met nasie die wyere, deur landsgrense bepaalde inwonertal van 'n bepaalde gebied. Wat Suid-Afrika betref sou ons dus kan spreek van 'n Afrikanervolk en van 'n Suid-Afrikaanse nasie.

Waar die volk nou sy bestemmingsfunksie het in die sedelike en nie in die pistiese nie, waar dit geen eschatologiese karakter dra nie, kan ons daarvan spreek net soos trouens by die staat as 'n voorlaaste entiteit. Dit moet verdwyn. Dit het geen ewige bestemming nie.

Al is dit nou so dat die volk t.o.v. sy ontstaan en bestemming wesenlik anders is as die kerk, wil dit nie sê dat ons in die ontstaan en voortbestaan van die volk nie die Woord en mag en hand van God moet raaksien nie. God staan per slot van rekening ook agter die geskiedenis en die bodem en die bloedlyn en die taal en die kultuur en alles wat 'n volk waarlik volk maak. En God is dit wat midde in die volk sy kerk plant om sy Woord uit te dra en sy Naam te verheerlik.

Dit geld ook van die Afrikanervolk. Dit is trouens lede van die volk wat terselfdertyd ook lede is van die kerk.

### Verskillende standpunte.

Daar is t.o.v. die verhouding tussen kerk en volk nou verskillende opvattinge. Die Roomse wil dat die kerklike instituut gesag sal voer oor alle terreine van die menslike lewe. Alles word verkerklik — die wetenskap en kuns, die skool en die kultuur, die staat en dus ook die volk.

Die geesdrywers en sektariese strominge asook die metodiste meen dat daar 'n waterdigte afsondering moet wees van die kerk teenoor alles wat buite is. Daar is geen belangstelling vir die wetenskap en kuns en politiek en alle vertakkinge van die openbare lewe nie. Die volk ook staan buite die belangsfeer van die sekte. Dit is opvallend dat in ons land die Apostoliese Geloofsending aanspraak begin maak het op erkenning van kerk te wees vandat hulle die oë geopen het vir en belangstelling getoon het in allerlei aangeleenthede in die vokslewe.

Die vraag is hier sekerlik geregverdig of daar in die ware sin van die woord van 'n kerk sprake kan wees wanneer dit, terwyl dit van die nood 'n deug maak, hom totaal van die wêreld en daarmee van die werklike lewe van die

volk afskei. Die ivoortoringchristendom het niks gemeen met die Skrifwoord: „in die wêreld maar nie van die wêreld nie".

'n Derde standpunt is dié van die voorstanders van die volkskerk.

En die vierde standpunt is die Gereformeerde.

Aan laasgenoemde twee gee ons verder aandag.

**Die volkskerk — idee en praktyk.**

**Geskiedenis.**

Die volkskerkgedagte beheers feitlik die hele historiese verloop van die Christelike kerk. Vanaf Konstantyn die Grote het die idee begin te realiseer en dit het die sterkste tot uiting gekom by Rome. Maar ook onder die Reformatoriese kerke het dit nie uitgesterf nie.

Die volkskerk het nl. gegroei uit die bodem van die gedagte van die „Corpus Christianum" wat veral die middeleeuse gemeenskapsopvatting beheers het. Wanneer Luther bv. in sy vurige strydsgeskrif: „An den christlichen Adel deutscher Nation" die vorste sekere regte en pligte toemeet om die ondergang van die kerk te weer, dan laat hy hy hom ook nog lei deur die religieus-politiese voorstelling van die „Corpus Christianum". In Duitsland het nl. ontstaan die protestantse „Landdeskirche" wat in hulle ingeslote area die hele volk omvat het en as gevolg van die „Corpus Christianum" idee 'n baie enge koöperatiewe verhouding tussen kerk en staat teweeggebring het.

As gevolg van die Renaissance en die humanisme het daar 'n outonome kultuurbewussyn ontstaan wat nie meer deur die Christelike norm bepaal is nie. Gaandeweg is die volk sowel as die staat nie meer vanuit hul Christelike bepaaldheid verstaan nie maar as natuurlike groothede gesien. Die wedersydse afhanklikheid tussen kerk en staat bv. is geneutraliseer. In die absolutistiese staatsvorm soos in Duitsland is die altaar aan die troon diensbaar gemaak en in die radikalisme waarvan die gedagte in die moderne kommunisme voortbestaan, skakel die religie van die staat feitlik volledig die kerk en evangelie uit.

Ook in Calvinistiese lande, egter, het die volkskerkgedagte die heersende geword. Dit vind ons in Engeland, Skotland, Switserland, Noord-Amerika en selfs in Nederland. Dit het wel 'n wysiging ondergaan in dié sin dat ander kerke ook geduld word maar dit bestaan van die volkskerk kan geensins ontken word nie. Soms is daar nog net dié pretensie, sonder dat daar werklik bevoorregting van die staat is, soms word dit ontken terwyl in die praktyk al die kenmerke van die volkskerk tot uiting kom.

**Karakter.**

Dr. A. Kuyper definieer die volkskerk soos volg: „De volkskerk predikt het beginsel, dat heel een volk, heel een natie door den Doop in de kerk van Christus is in te lijven, nie omdat de geheele bevolking gelooft, of althans ondersteld mag worden te gelooven; maar niettegenstaande het ongeloof op de brutaalste wijze uitbreekt, niet enkel onder de leden, maar ook onder de ambtsdragers en besturen, en het notoir voor een ieder is, dat die werkelijke

geloovigen niet dan een smartelijk kleine meerderheid op de groote massa uitmaken" (A. Kuyper, De gemeene gratie, II, p. 268).

Konstitutief vir die idee en die werklikheid van die volkskerk bly dus dat sy lede grotendeels analoog met die volksgemeenskap moet wees, deur geboorte daaraan behoort en wel vir solank as hulle nie formeel uittree nie. Normaalweg geskied die opname in die volkskerk deur die tot gewoonte geworde handeling van die kinderdoop. Die organisasie van die volkskerk word ook verder bepaal deur die politieke grense van die land en daar bestaan 'n besonder eng historiese vervlegtheid met die volk, waardeur dit 'n duidelike geregtelike status ontvang wat sekere regstreekse of onregstreekse privileges inhou. Die volkskerk maak aanspraak daarop dat dit die volk aanspreek in sy lede en dat hy aan die volk behoort soos die volk aan hom. Grondleggend daarvoor is die onlosmaaklike band tussen kerk en volk sodat die kerk nie denkbaar is sonder die volk nie en die volk nie sonder die kerk nie.

**Verdediging.**

Die verdedigers van die volkskerkgedagte beroep hulle veral op die geseënde invloed op die volksbestaan. Dr. J. G. Woelderink bv. beroep hom op die noue verbinding wat Wormser tussen kerk en volk aanwys deur dit in die Doopverbond te laat rus. Hy haal dan die bekende woord van Wormser aan: „De Nederlandsche volksstam is in zijn geheel gedoopt. Hij is den Heere toegewijd door gedoopt te zijn in den Naam des Vaders en des Zoons en des Heiligen Geestes. Leer dan de natie haar doop verstaan en waarderen — en Kerk en Staat zijn gered". Hy sê dan dat Wormser en ook Hoedemaker nie uitgaan van die gedagte van vermenging van volk en kerk nie maar wel van hulle verbinding en vereniging. Die volkskerk is dan vir hom nie die kerk van die nasie nie, die nasionale kerk dus nie, maar dit bly die kerk van Christus. Dit moet 'n Christelike stempel op die nasie afdruk. Dit moet volk en kerk beide oproep tot bekering want die ontkerstening van die volk lei tot verwêreldliking van die kerk en die verloëning van haar goddelike roeping deur die kerk lei weer tot ontkerstening van die volk.

Die kerk kan hom nie in sy isolement terugtrek nie. Dit sal of die volk behou of saam met die volk ondergaan.

Hy neem die gesegde van Van Ruler oor wat spreek van 'n agressie op die staat, maar dan nie in die sin van 'n politieke aksie nie maar wel as 'n worsteling van die kerk in geloof en liefde om die volkslewe en staatslewe onder invloed van die Evangelie te bring. (J. G. Woelderink, De Volkskerk, Kerk en Theologie, Julie 1951, p. 166 v.)

**Kritiek**

Woelderink se betoog skyn aantreklike en sy redenering waterdig, maar by nadere ondersoek van die hele volkskerkidee en praktyk word voor ons 'n totaal ander skildery opgehang. Die dieper liggende gedagte is immers dat die invloed van die kerk kan uitgaan op die volk alleen indien die volk die poorte van die kerk binnegelei word. Maar om dit te doen moet baie skerp punte

afgefeil word. Die kerkbegrip moet maar ruimer geneem word, die belydenis minder ernstig, die kerklike tug verswyg word en die uitverkiesingsleer in elk geval oorboord gegooi word. Êrens het Kuyper die volkskerk daarom genoem 'n monsterverbond van teenstrydige rigtings, 'n onnatuurlike vermenging van prinsipes wat mekaar uitsluit.

Trouens die Skriftuurlike leer van die partikuliere genade en van die genadeverbond bring mee dat in die volkskerk dit alleen daarop uitloop dat die kerk tot wêreld en die wêreld tot kerk word.

**Solidariteit met wêreld, versosialisering van kerk**

Om tot meer konkrete kritiek voor 'n dag te kom is dit noodsaaklik om kennis te neem van die situasie in dié verband in verskillende Calvinistiese lande. Ek wil my beperk tot Nederland, Amerika en Suid-Afrika.

Dr. C. J. Dippel in sy boek: „Kerk en wereld in de crisis", s'Gravenhage, 1947, verdedig die gangbare opvatting in die kringe van die Hervormde Kerk in Nederland. Hy roep op tot Christelike solidariteit van die kerk met die volk. Uit 'n hartroerende besef van die nood van die tyd wat hy beskryf as die grenselose waansin en leegheid en ellende wat ons tegemoet snel, meen hy dat ons nie rustig en selfversekerd kan bly voortwandel op die ou paaie nie. Daarom meen hy dat elke Christen geroep is tot volkome Christelike solidariteit met die volk. Hy kwoteer Karl Barth wat sê dat die uitoefening van helpende solidariteit in die uitwendige lewensnood van die samelewing 'n wesenlike funksie is van die kerk. Dit behoort dan tot die „antwoord van die mense aan God". Ons mag nie op een hoop gaan staan en met vermanende vingers stigtelike woorde rondstrooi nie. Die Woord moet gebring, inderdaad gebring word deur mens wat weet dat hulle hulle in niks ten aansien van die skuldvraag onderskei nie. Daar is solidariteit van skuld en daarom moet daar solidariteit wees met die volk, ook die ongehoorsame volk, ook die breë lae van die volk in nood, in krisis, op die rand van die afgrond.

Hy sê daarop het die volk reg. „Want daarom en daarom alleen heeft God zich een gemeente in ons volk vergaderd om als Lichaam van Christus de weg van Christus, de Kruisweg, te gaan. Durft men beweren, dat deze weg het beste gegaan wordt in principiële distantie, principiële afscheiding in de praktische worsteling om werkelijk te leeren leven, samen te leven, in de nood, by de wederopbouw? Hier in de christelijke solidariteit ligt de roeping der gemeente" (p. 92).

Hy beskuldig die kerk daarvan dat dit die ontmoeting met die wêreld sku en dat dit in „retraite" is. Dit het alleen maar potensiële krag soos wat die skatte van goud in Fort Knox in Amerika alleen potensiële waarde besit maar nooit gebruik word nie.

Die praktiese konsekwensie van die oproep kom daarop neer dat die kerk hom nie moet afsonder, dat hy nie separatisties te werk moet gaan nie maar 'n apostoliese aanvalshouding in plaas van 'n verdedigingshouding moet openbaar. Geen afsondering dus van die lidmate

van die kerk in aparte skoolaksie, politieke aksie, persaksie, vryetyd, ens. nie. Daardeur sou hulle apart te staan kom, die solidariteit met die volk verbreek, die Christelike diens aan die wêreld verswak en die buitekerklike deel van die volk geheel en al oorlaat aan hulleself. Dit sou alleen die ontkerstening met rasse skrede kon laat voortwoeker. Ook wys hy daarop dat as gevolg van die Christelike skoolaksie in die beskermde milieu die dringende noodsaak van kategese, van ernstige en daaglikse lewe met die Bybel veelal nie meer duidelik besef word nie. Die Christelike skool self, meen hy, het ook gefaal om werklik iets nuuts te bring t.o.v. opvoeding, leerplanne en skoolkultuur.

In dieselfde gees het ook prof. Kraemer in sy boek: „De roeping der kerk" hom uitgelaat. Die Christelike organisasies op die gebied van skool, vakbeweging, jeugwerk ens. is nie in hierdie eeu meer geregverdig nie. Hy meen dat die kerk in die verlede geen oog gehad het vir die siel van die volk nie en toegelaat het dat dinge in sulke separatistiese lyne beweeg deur middel van allerlei Christelike aksie. „Immers de Kerk alleen heeft de opdracht zich apostolisch, priesterlijk en profetisch met de wereld en al haar levensterreinen in te laten". Ons het dus hier te doen met die bekende „doorbraak"-gedagte. Ongelukkig word daarmee in die reël nie bedoel die deurbraak van die werking van die Woord van God, wat die Gereformeerdes natuurlik ook ten sterkste steun nie, maar die deurbraak van 'n nuwe neutraliteitsbeginsel, wat die gesag van die waarheid relatief maak.

Wat **Amerika** betref vind ons 'n tendens wat hand aan hand gaan met die in Nederland in die Hervormde Kerk en ook 'n gevolg is van die volkskerkgedagte. In die proefskrif van dr. J. H. Hederhood („The Church's Mission to the Educated American", Grand Rapids, Michigan, 1960) betoog hy dat die sosioloë in Amerika die kerk uitsluitlik as 'n kulturele gegewe bestudeer, dis vir hulle 'n sosiale instituut en daarom parallel met die familie, die skool, die staat en ander breë sosiale strukture wat die samelewing gebruik om homself in stand te hou. Baie sosiale scientiste beskou die kerk geensins as 'n objek van geloof nie (p. 25). Hierdie tendens van die kerk as sosiale instituut het meegebring dat daar waar 'n groep mense nie tevrede is met die behartiging van hulle belange nie, stig hulle 'n eie kerk wat wel in hulle behoeftes kan voorsien. Die sosiale en politieke struktuur van die Amerikaanse samelewing met sy voluntaristiese inslag het dit ook in die hand gewerk. Die rol wat die kerk speel verskil nou na gelang die groep wat dit dien. By die ongeletterde, werkersklas het die kerk selfs 'n hoë „entertainment value". In die suide word die sukses van die Baptiste in geen geringe mate daaraan toegeskryf. By die hoër ontwikkeldes skakel die kerk gewoonlik weer by hulle program van werksaamhede in klubwerk, sondagskoolaktiwiteite gedurende die week, Boy Scoutsbedrywighede ens. Die tendens is selfs om die sekulêre tipe van klubs by dié van die kerk in te skakel om groter aantreklikheid te weeg te bring (38, 39).

Verder word van die kerk verwag

om met dankbaarheid en eerbied die name van leiersfigure in die openbare lewe op sy lidmaatskapsregister toe te laat. Dit bring soms finansiële voordele mee, maar van lewende lidmaatskap is daar geen sprake nie. Klaarblyklik laat die Amerikaners die kerk in die samelewing funksioneer soos die Bybel in die geregshowe — dit moet net paraat wees om kleur en eienskap aan die maatskappy te gee (40).

Die Amerikaanse kerk word in sy optrede deur die wil van die volk gerangeer. Die druk van die kant van sosiale instansies en situasies bepaal grotendeels die optrede van die kerk.

Die kerk wedywer hom dan ook op sosiale gebied om sy plek vol te staan. Daar is 'n tendens na „bigger, better and fewer churches". Die personeel van die kerk word vergroot om die omvattende program uit te voer. In die taal van 'n leidende figuur kom die hele saak hierop neer: „Religion has become one of America's biggest businesses" (p. 41). Die sukses en die belangrike plek wat die kerk in Amerika inneem kan dus toegeskryf word aan sy geslaagde aanpassing by moderne behoeftes van die maatskappy.

Hier het ons dus te doen met die funeste konsekwensies van die volkskerkgedagte. In plaas van dat in die afgelope dekades daar plaasgevind het die groeiende christianisering van die nasie, het daar by die fenomenale uitbreiding van die kerk, gekom die radikale sekularisasie van die Christendom self (p. 41).

Daar het in Amerika 'n „new religiousness" gekom wat beskou word as die triomf van die demokrasie op die gebied van die godsdiens. „Christianity has been diluted so that it is offensive to no-one" (p. 45). Maar hierdie nuwe godsdienstigheid het onafskeidelik een geword met radikale pragmatisme en met moderne psigologisme.

Deurdat die kerk in Amerika totaal geassimileer het met die sosiale struktuur van die volk, het die hele sending- en evangelisasietaak verdwyn. Dit is niks meer as die religieuse dimensie van die nasionale lewe nie. Die antitese het verdwyn en die kerk is versosialiseerd.

Ook in Suid-Afrika het die gedagte van die volkskerk vaste voet gekry, nie maar net in die vorige eeu toe daar die bevoorregte staatskerk was nie, maar ook in die huidige omstandighede van formele gelykberegtiging van kerke. As ek sekere wantoestande in ander Afrikaanse kerke aandui dan wil ek in die eerste plek dit doen deur te spreek uit die mond van lidmate van daardie kerke.

Dr. A. C. Barnard van die Ned. Geref. Kerk het nl. in „Die Kerkbode" van 23 en 30 November 1955 na 'n duidelike en regsinnige uiteensetting van wat die kerk van Jesus Christus moet wees soos geopenbaar in die Nuwe Testament, tot die ontdekkende selfkritiek gekom: „Ons dierbare kerk het 'n volkskerk geword. Talle persone behoort daaraan uit tradisie of gewoonte i.p.v. deur 'n lewende belydenis. Ons het die volk gevang maar die Nuwe Testament verlaat".

Na die insiggewende en openhartige artikel van dr. Barnard was daar baie diskussie in genoemde blad. Ook dr. W. D. Jonker het in die korresponden-

siekolomme sy gedagtes weergegee. Heeltemal verantwoord wys hy daarop dat die verhouding tussen volk en kerk belemmerend werk daar waar die kerk te bang is om sy eie geledere te suiwer, waar die kerk in eie midde begin opvoed en evangeliseer omdat hy 'n massa lede wil aanhou wat van Christus niks meer weet nie, wat maar altyd nog die Doop vir hulle kinders begeer en die kerklike inseëning van hulle huwelike, maar niks meer nie; daar waar die kerk nie meer vergadering van ware Christengelowiges is, juis ook in sigbare gedaante nie, maar 'n evangelisasie-instituut, staande te midde van 'n gedoopte „verbondsvolk", wat vir die grootste gedeelte bestaan uit mense waarvan hyself moet oordeel dat hulle slegs nog voorwerpe van evangelisasie kan wees. Dr. Jonker stel dit dan egter versigtiger as dr. Barnard. Hy sê dat die N.G. Kerk in sekere aspekte van die praktyk die vertoning begin maak van 'n volkskerk, hoewel dit nie die kerk se bedoeling is om volkskerk te wees nie.

Na aanleiding van hierdie en dergelike uitsprake kan ek seker met veiligheid beweer dat die volkskerkgevaar in Suid-Afrika nie denkbeeldig is nie. Simptomaties daarvan is bv. die sogenaamde volkskongresse wat van tyd tot tyd opgeroep word. In herinnering kan ons bv. roep die volkskongres oor die verstedeliking van die Afrikanervolk in 1947. Afgesien van die feit dat onder verkeerde vlag geseil word met die naam volkskongres soos wyle ds. J. V. Coetzee indertyd in „Die Kerkblad aangetoon het, vind ons by sodanige kongresse 'n gruwelike oorskrywing van grense. Prof. S. P. van der Walt wys in **Koers**, Augustus 1947 daarop dat twee sake genoemde kongres duidelik gekenmerk het nl. kerklike beheer en kerklike beweging op nie-kerklike terrein. „Om die gevare duidelik te stel kan ons slegs die konkrete uitgekristalliseerde uitvloeisels van die besluite stel: 'n kerklike gemeenskapsentrum, 'n kerklike rolprentorganisasie, 'n kerklike hospitaal, kerklike liefdadigheidsorganisasies, kerklike verteenwoordiging op stadsrade, kerklike inmenging in vakbonde. Bestaan die gevaar dan nie dat die kerk sy setel sal verlaat en dat die kateder van die profesie onbemand sal wees nie? Sal die kerk dan nie 'n sosiale instituut word in sy ywer om die toestande die hoof te bied nie?"

Ook moet nog gewys word op die offisiële uitspraak van die Hervormde Kerk t.o.v. die Christelike skoolaksie, waarin, heeltemal konform met die konsolidasiestandpunt van die Hervormde Kerk in Nederland, sterk standpunt ingeneem is teen die oprigting van sogenaamde privaat skole omdat dit die ontkerstening van die volk sou in die hand werk.

Die hele aksie van die twee genoemde kerke in verband met die insameling vir die sogenaamde Kersfeesfonds en die opset van die barmhartigheidswerk deur middel van maatskaplike werkers en werksters dui op sosialisering van die kerk. (Vergelyk in dié verband die besluite van die Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1955, respektiewelik Acta p. 149 en 155 v.).

**Die beginsel van antitese**

By beoordeling van die opvattinge

en praktyke in verskillende lande soos uiteengesit en by formulering van die suiwere standpunt moet voorop gestel word die beginsel van antitese, natuurlik nie antitese tussen kerk en volk nie maar tussen kerk en wêreld. Hiervan is die Skrif vol.

Kragtens die bestemmingsfunksie van die kerk, wat setel in die pistiese, laat die karakter van die kerk nie toe dat grense na willekeur oorskrei kan word nie. Die kerk is 'n eschatologiese grootheid en in sy optrede teenoor die volk en die staat en dergelike verbande moet dit ook duidelik blyk dat dit daarteenoor staan soos teenoor voorlaaste magte. Paulus sê in Fil. 3:20: „Ons burgerskap is in die hemele." Die lewe van die kerk is dus hemelgerig, hemelgebonde en hemelgeoriënteerd. Ontsaglike verantwoordelikheid bring dit mee. Gelykvormigheid aan die wêreld is verloëning van roeping en eschatologiese bestemming, dis 'n deurhaal van die eintlike van die wese van die kerk as kerk van Christus (vgl. Jak. 4:4—6). Die kerk moet die durf en die moed hê om nee te kan sê. Maar positief is daar tog 'n ontsaglike taak en roeping teenoor die wêreld en alle samelewingsverbande in die wêreld. Die roeping en taak is opgesluit in die woord van Jesus Christus: „Julle is die sout van die aarde; julle is die lig van die wêreld."

Met die antitese-opvatting bedoel ek natuurlik nie die karikatuur wat die teëstanders daarvan maak nie. Dippel (a.w. p. 214) sê bv.: „de wezenlijke antithetische denk- en levenslijn is in radicale zin de wezenlijke vlucht voor de christelijke ascese, voor de weg van het kruis, de smalle weg . De antithesemensch zoekt in zijn isolement en achter zijn beschermende muren de heerlijke, zichtbare trots van het christelijk leven". Die teëstanders daarvan beweer dat dit 'n gees van hoogmoedige selfingenomenheid kweek. Dit is ook die kritiek van Barth daarteen.

Kuyper wys op die Skriftuurlike teëstelling tussen kerk en wêreld (**Gemeene Gratie**, p. 280) en dui aan dat die kerk wat nie skroom om hom af te sonder van die wêreld, wel sal inkrimp t.o.v. getalle, maar dan sal dit weer waarlik kerk wees en dit sal dan juis weer sy invloed kan laat geld op staat en maatskappy. Kerk en wêreld is immers twee groothede en die kerk het daarom aanwysbare grense. Die kerk moet dus nie deur te vermeng of hom te kompromitteer of volkskerk te word, die verderflike invloed van die wêreld ondergaan nie. Maar die kerk moet deur waarlik kerk te bly sy geseënde invloed laat uitstraal oor die wêreld, volk en staat.

**Kerk as organisme**

Praamsma verdedig ook die reg van die antitesestandpunt (**Het Dogma der Kerk**, p. 488 v.; vgl. ook Kuyper: **Gemeene Gratie**, p. 271, 27).

Uitgegaan kan word van die onderskeiding tussen kerk as instituut en kerk as organisme. Dit is die gangbare Gereformeerde opvatting. Wat my meer sou bevredig is die onderskeiding tussen Kerk en Koningkryk van God. Ek opereer egter hier met die gangbare opvatting om voor die hand liggende redes. Daar is 'n openbaring van die liggaam van Christus deur die diens

diens van die besondere amp van die ampsdraers, d.i. die geïnstitueerde kerk; maar daar is ook 'n openbaring van die liggaam van Christus deur die diens van die algemene amp van die gelowiges, en dit is die kerk as organisme.

Die instituut nou moet hom inrig volgens die eis van Gods Woord wat o.a. inhou dat daar die Doop, as sakrament van die Here bedien word alleen aan die gelowiges en hulle saad en dat daar die kerklike tug gehandhaaf moet word. Die instituut word gekenmerk deur vastheid van vorm, tye en plekke.

Die woord organisme spreek van 'n lewensgeheel en dit is die liggaam van Christus van waaruit deur middel van die amp van die gelowige die lig van die Woord en die invloed van die kerk die ganse breë terrein van die lewe ten goede kom.

Hierdie onderskeiding is op die standpunt van die volkskerk totaal onmoontlik. Op daardie standpunt ken mens net een kring en die kring is die kerk as instituut (Kuyper, a.w. p. 271). Insiggewend is die beeld van Kuyper in verband met die onderskeiding waar hy sê dat die lamp van die Christelike religie alleen binne die wande van die kerk as instituut brand maar die lig straal deur die vensters heen na buite en belig al die geledinge van die menslike lewe. Die eerste kring is dus dié van die instituut, maar die tweede konsentriese sirkel word bepaal deur die lengte van die ligstraal wat oor die lewe van die volk uitstraal.

Met die onderskeiding word geen skeiding bedoel en is daar geen sprake van twee kerke nie. Maar daarmee word deur die opvatting van die kerk as „Corpus Christianum" 'n streep gehaal. Die kerk is Corpus Christi. En lg. is nie dieselfde as e.g. nie. Die kerk as Corpus Christi weet dat dit 'n eschatologiese werklikheid is en dat die komende Christus reeds nou daarin leef en dat dit deur Hom in die wêreld is maar nie van die wêreld nie.

Die wêreld is in sy wese, as die terrein van die owerste van die duisternis, die van-die-kerk-geëmansipeerde wêreld, maar dit mag die kerk nie afskrik nie. Ook die eerste Christelike Kerk het in 'n nie-Christelike wêreld gestaan. Die kerk moet die uitdaging aanvaar om as Corpus Christi sy lig te laat skyn in die wêreld.

**Wat is die oplossing?**

Hoe moet die kerk dan die volk bereik? Wat moet die bande wees? Moet die kerk die moderne geïndustrialiseerde wêreld ingaan en die mens gaan ontmoet in sy veranderde arbeidsmilieu? — die versosialisering van die kerk dus? Of moet die kerk meer meedoen aan psigologiese rehabilitasie deur geesteshigiëne of deur morele herbewapening of deur sosiale gesinsorg en „casework"? Moet meer gebruik gemaak word van opgeleide werkers en werksters om die mense te bereik en hulle sosiaal, moreel en psigologies te rehabiliteer? — die verpsigologisering van die kerk dus? Of moet ons i.p.v. as kerk van Christus in die lewenssentrum van die gekompliseerde wêreld in te dring, die industriële mens weer met alle moontlike middels terugvoer in die boesem van die kerk al is dit ten koste

van 'n geweldige prys? — die volkskerk dus?

Nee, nie een van die weë bied die suiwere, Skriftuurlike, reformatoriese oplossing nie. Die kerk moet as stad op 'n berg sy lig versprei in die nag. Die kerk moet as organisme deur middel van die amp van gelowiges tot veredeling of metamorfose van die volk werksaam wees. Die kerk is in die wêreld deur middel van sy lidmate. Die kerk moet deur middel van sy lidmate en die alledaagse lewe van fabriek en kantoor, van maatskaplike en kulturele verhoudinge weet om die gevare en aanvegtinge, nood en sorge van die wêreld die hoof te bied.

En so sal in sy lede die kerk van Jesus Christus in die wêreld wees as die suiwerende sout van die aarde en die ontdekkende en verkwikkende lig van die wêreld.

So 'n kerk kan die Woord in al sy krag verkondig, kan die sakramente suiwer bedien en die tug nougeset toepas en so hom bepaal by wat werklik kerk is.

## TAAK VAN KERK IN VOLKSLEWE

### Prediking

Die eerste taak van die kerk is seker om die Woord van God te verkondig en die mense tot gehoorsame onderwerping aan die Woord op te roep. Daarby moet dit verkondiging wees van die volle Woord en daarom van die volle Raad van God. Dit gaan in die kerugmatiese roeping van die kerk nie maar om die siel van die mens nie maar die behoud van die hele mens, ook nie maar om die enkeling nie maar die hele koninkryk van God. Die kerk moet sy roeping ook besef t.o.v. die volkslewe en dit sal in die prediking neerslag moet vind. As die fakkel van die Woord brandend geslinger moet word in die midde van die volkslewe wat in valse gerustheid verkeer, dan moet daar nie geskroom word nie. Daarvoor moet die prediking ook ongetwyfeld 'n profetiese en kritiese karakter dra. Die kerk moet die tyd ken en die mens van die tyd en daarop moet die bediening van die Woord betrekking hê (vgl. Eseg. 33:7—9).

### Getuienis

Van die kerk moet daar 'n getuienis uitgaan in die wêreld, nie alleen deur middel van die lidmate in die omgewing waarin hulle daagliks beweeg nie, maar ook van die kerk self. Dit moet in 'n sekere sin die gewete wees van die volk en van die wêreld. Nie alleen deur die gepredikte woord maar ook en veral van die geskrewe woord kan en moet die getuienis uitgaan. Die belydenisskrifte van die kerk self is al 'n magtige getuienis. Maar die kerk sal sy roeping versaak as hy nie ook studie maak van en standpunt inneem teenoor die belangrike en nypende vraagstukke van die dag nie. In die lig beskou is dit heeltemal geregverdig dat daar van die kant van ons Sinode verskillende studiedeputaatskappe benoem is om bv. arbeidsvraagstukke, geestelike noodtoestand in Afrika, rasseverhoudings ens. te bestudeer. Die kerk moet sy geloof openlik kan bely ook deur middel van konfessionele uitsprake. Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode het dit ook gedoen.

Daarby kom vanselfsprekend die getuienis wat moet uitgaan uit die lewe en optrede van die lidmate van die kerk, wat as briewe van Christus deur elkeen gelees moet word.

**Sending en evangelisasie.**

Ontsaglik is die roeping van die kerk op die terrein van sending en evangelisasie. Ook selfs op die terrein mag die antitesegedagte nie gelos word nie. Ook daar moet vasgehou word aan die Skrifwerklikheid van die antitese tussen die ryk van God en die wêreld. Dit gaan immers nie maar om siele te wen nie, maar dit gaan om die worsteling vir die Koningryk van God teen die mag van die duisternis in die wêreld en die menselewe (Dr. G. Brillenburg Wurth, **De antithese in dezen tijd, Kok,** Kampen, 1940, p. 22).

**Enkele kerkregtelike opmerkings.**

Geheel in ooreenstemming met die standpunt wat ingeneem is t.o.v. die verhouding tussen kerk en volk is die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Art 30 benadruk dat die kerk of kerklike vergaderings geroepe is om op die terrein van die partikuliere genade werksaam te wees. Net kerklike sake moet behartig word. In die verband is dit noodsaaklik om te herinner aan die besluit van die Sinode van 1945: „Die woorde ,geen ander' in die artikel moet ons hier nie in absolute sin opvat nie. Die Kerkorde self handel oor korrespondensie met die owerheid in art. 28. In art. 21 word oor die toesig oor skole gespreek in dié sin dat die Christelike karakter van alle skoolonderwys gehandhaaf moet word.

Wat die kerklike praktyk betref, weet ons dat die kerk hom uitgespreek het oor die armversorging in verband met ander armbesture (vgl. art. 26), oor huwelikskwessies, oor die bestryding van onsedelikheid, oor vrouestemreg, oor die eed en dergelike.

Duidelik is dus dat die betrokke sinsnede van art. 30 net soos al die artikels van die K.O. histories verklaar moet word

Die gereformeerde beskouing is (1) dat die Here vir die kerk 'n opdrag gegee het, nl. die verkondiging van die Heilige Woord en wat daarmee verband hou (sien Matt. 28:19), (2) dat die kerk, veral in die prediking, geroep is om die lig van die Woord van God oor alle lewensfunksies te laat uitstraal, en (3) dat daar gemengde sake is waarby kerk, staat en maatskappy gemeenskaplike belang het.

Oor die eerste twee punte hoef ons nie hier verder te spreek nie. Wat in geding is, is die gemengde sake waar gemeenskaplike belange aan die woord is.

Om die gedragslyn van die kerk in hierdie opsig te omskrywe, verwys ons liefs na ons uitnemende Kerkorde self. Die woord „Korrespondensie" wys ons hier die goeie weg. Daaronder het ons vaders verstaan dat belanghebbendes na gelang van voorkomende gevalle mekaar van die gewigtigste sake op hoogte hou, nou en dan verskillende belange met mekaar bespreek, mekaar se oordeel aangaande gewigtige punte inwin en

daartoe desverkiesend oor en weer afgevaardigdes stuur.

In sodanige sake van gemeenskaplike belang mag dit sekerlik nie vir die kerk gaan om verkerkliking nie, en voortdurend moet gewaak word teen die gevaar van versosialisering van die kerk.

In dié verband moet ook die Gereformeerde Kerk kom tot selfondersoek. Dit is te betwyfel of op grond van art. 30 die deputaatskap vir immigrasie bv. reg van bestaan het, veral waar dit in sy optrede 'n Immigrasievereniging as openbare arm moet gebruik. Die verteenwoordiging van sommige kerkrade op Geloftefeeskomitees, die affiliasie met skakelkomitees, die offisiële verteenwoordiging van die kerk op bv. die Transoranje Skool vir Dowes, die bestaan van 'n deputaatskap vir C.N.O. van partikuliere Sinodes wat op 'n interkerklike komitee leerplanne vir skole en handboeke opstel, terwyl dieselfde komitee hom heftig uitspreek teen die totstandkoming van vrye Christelike skole waar die ouer tot sy reg kan kom — hierdie en baie ander sake laat die vraag ontstaan of ons konsekwent is en nie veel versigtiger moet optree nie.

Slotwoord.

Die weg het ek probeer aandui hoe om tussen die Scilla en Charibdis van die ingewikkelde vervlegtheid van die verhouding tussen kerk en volk deur te vaar.

Die Gereformeerde Kerk hier te lande staan nie los van volkslewe nie en mag ook nie. Daar moet dus in die optrede van die kerk rekening gehou word met die verskeie bande wat die twee bind, maar nooit mag die kerk sy heilige en grootse roeping uit die oog verloor nie om in die eerste en laaste plek kerk van Christus te wees wat soek die eer van sy Naam.

Potchefstroom. S. C. W. DUVENAGE.